



## Finansies Beleid: Finansiële bestuur van e-kampusprojekte

<b>Tipe dokument:</b>	Beleid
<b>Doel van die beleid:</b>	Die beleid verskaf die finansiële reëls soos van toepassing op e-Kampuskostepunte
<b>Goedgekeur deur:</b>	US Raad
<b>Goedkeuringsdatum:</b>	5/4/2009
<b>Implementeringsdatum:</b>	2009
<b>Datum van volgende Hersiening:</b>	Soos nodig
<b>Datum(s) van vorige Hersienings:</b>	Geen
<b>Beleideienaar<sup>1</sup>:</b>	Uitvoerende Bedryfshoof
<b>Beleidkurator<sup>2</sup>:</b>	Hoofdirekteur: Finansies
<b>Sleutelwoorde:</b>	e-Kampus, e-Kampuskostepunte,
<b>Geldende Weergawe:</b>	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by [www.sun.ac.za/policies](http://www.sun.ac.za/policies)

<sup>1</sup> Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikhedsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

<sup>2</sup> Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

## 8.2 FINANSIËLE BESTUUR VAN e-KAMPUSPROJEKTE

**Bestek:** Die beleid verskaf die finansiële reëls en regulasies soos van toepassing op e-Kampuskostepunte.

**Beleid:**

### REËLS VIR ALLE e-KAMPUSKOSTEPUNTE

- Finansiële reëls, soos uiteengesit in die dokumente “Beginsels van Finansiële Bestuur” en die “Finansiële Kitsgids”, is van toepassing op alle e-Kampuskostepunte.
- GEEN oorspandering word toegelaat nie.
- GEEN oorplasinge tussen kostepunte word toegelaat nie.
- GEEN poste mag geskep word wat nie na afloop van die projek uit bedryfsfondse bekostig kan word nie.
- Geen kontrakte mag aangegaan word voordat die projekbegroting finaal deur die Projekraad goedgekeur is nie, en dan ook nie vir langer as wat die projekbegroting toegeken is nie.

### REËLS SPESIFIEK TOT FAKULTEITSKOSTEPUNTE

- Fakulteitskostepunte is ook aan die algemene reëls vir e-Kampuskostepunte onderhewig.
- Onthaalkoste mag nie uit fakulteitskostepunte verhaal word nie.
- Alle uitbetalings moet deur Dekaan of sy gemagtigde goedgekeur word.

### ALLE ANDER e-KAMPUSKOSTEPUNTE

- Onthaalkoste mag nie 5% van die projek se begroting oorskry nie.
- Spandering moet ooreenstem met die items wat in die begroting aangedui is. Die projekbestuurder is verantwoordelik daarvoor om te verseker dat dit ooreenkom.

### PROSEDURE INDIEN UITSONDERING VERSOEK WORD

- LW! Geen uitsondering op Reël 1 (onder Reëls vir alle e-Kampuskostepunte) word toegelaat nie.
- Die projekbestuurder rig die versoek, met motivering, aan die betrokke Stuurkomitee (Verkry vorm by Projekuskantoor)
- Indien die Stuurkomitee dit goedkeur, stuur die projekbestuurder die versoek, motivering en aanbeveling van die Stuurkomitee deur aan die Projekuskantoor (ekampus@sun.ac.za).
- Die Projekuskantoor lê die versoek voor aan die eenaar van die e-Kampusinisiatief (Professor Liesbeth Botha).
- Die Projekuskantoor stuur die uitslag van die versoek deur aan die projekbestuurder.
- Indien die versoek goedgekeur is, stuur die Projekuskantoor die versoek per e-pos deur aan Finansiële Dienste. Besonderhede van die bedrag en kostepunte ter sprake sal in die e-pos aangedui word.

**LW:** Projekbestuurders of -eenaars mag nie direk met Finansiële Dienste skakel nie.

**Kontak afdeling:**  
Projekuskantoor